# Taffienuus: Augustus 2024

**Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede**

Daar is so baie dinge wat die afgelope tyd gebeur het in ons omgewing. Dit het ontsettend baie gereën, dit het ook gesneeu en by alles was dit baaaie koud!!! Ons het lekker foto's gaan neem by die ballet kompetisie. Baie van ons lede besoek in die wintertyd verskillende wildreservate, Namibië, Botswana en selfs oor die water. Met alles glo ek dat almal altyd baie foto's sal neem. Ons eie salon se uitslae is bekend en dit was baie goed. Baie dankie vir elke Taffie wat vir ons salon ingeskryf het. Baie meer lede het ingeskryf as die wat normaalweg vir salonne inskryf! Baie geluk ook aan die baie medaljes, meriete en aanvaardings.

## 1. KLUB PRESTASIE:

1.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2023-2024 Impala jaar):**


- Die syfers is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. **Baie geluk aan elkeen!!!**

| Naam | Tafelberg Klub | F Stop |
|---|---|---|
| Mike Barkhuysen | 2 | |
| Hendi Barnard | 1 | |
| Neels Beyers | 1 Silwer medalje en 5 | 1 |
| Andre de Koker | 1 Bronsmedalje en 2 | |
| Louis de Lange | 4 | |
| Phillip de Lange | 1 Brons medalje<br>1 Meriete en 5 | |
| Christo Giliomee | 1 Brons medalje<br>2 Meriete en 9 | 1 Meriete en 6 |
| Quintus Heine | 4 | 1 |
| Theo Potgieter | 2 Bronsmedaljes en 4 | 3 |
| Lizhan Luschenbaum | 1 | |
| Frank Smith | 4 | 1 Meriete en 1 |
| Kathy Smith | 1 | |
| Juliana van Dyk | 6 | 1 Meriete en 5 |
| Fransonette Swart | 1 | |
| Adriaan v Zyl | 1 Brons medalje<br>1Meriete en 13 | |
| Karen v Zyl | 2 Meriete en 6 | |
| Mariana Visser | 2 Bronsmedaljes en 9 | |

**1.2: Stergradering van lede:**

**Dixon Norval** is vanaf 01 Julie bevorder tot 5 ster. Baie geluk Dixon!! Dixon is ons lid wat in Swakopmund woon.

## 2 WEN-FOTO'S VAN Julie 2024- Tema – Vaste kategorie: MONOCHROME

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Steps steps steps : Neels Beyers**<br>**Wenner: Vaste kategorie en Maandwenner** | **Morning thirst: Theo Potgieter**<br>**2de Vaste** |
|  |  |
| **Zebra at sunset: Adriaan van Zyl**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Finishing touches: Frank Smith**<br>**2de Ope** |
|  | |
| **Habour Reflections: Jean Maree**<br>**Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!**

## 3. NUUS VAN DIE PSSA

### 3.1 Wes Kaap foto-fees begin 9 November

Verlede jaar het ons die WCPF se foto-fees in November gehad met 'n foto uitstalling in Groot Constantia. Toe was Kaapstad die gasheer. Hierdie jaar is Paarl die gasheer en word so uitstalling in die Paarl gehou.

## 4. PROGRAM 2024

Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. [www.tafklub.co.za](www.tafklub.co.za)

## 5 AUGUSTUS 2024: BYEENKOMSTE

5.1 **Kompetisie Augustus:**

- Die maand se klubkompetisie is **20 Augustus** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **14 Augustus.**
  **Die vaste tema is: Stairs and Staiways** en die beoordelaar is **Neels Jackson van Pretoria.** Neels is 'n oud joernalis en begaafde fotograaf.
  **Definisie:** Let asb. op die definisie hieronder:
  **Stairs and Staiways should form the dominant theme of your image.**
  **Manipulation is allowed. Colour or monochrome**
- **Let wel dat Junie – Sept. slegs Zoom vergaderings gaan wees.** Ons sal dit aan die einde van die jaar herevalueer.

5.2 **Vaardigheid. Laaste naweek in Augustus.** Ons naweek kamp in Lambertsbaai. Ons gaan voëls, landskap en seacapes en moontlik astro afneem. Dit is ook 'n geleentheid om lekker te kuier en mekaar beter te leer ken. Jy moet jou eie verblyf bespreek. Ons gaan die aandetes saam geniet Inligting volg later op WhattsApp groep. Daar is 'n paar wat gaan kamp en ander wat weer in huisies bly. Kontak Juliane van Dyk vir meer inligting hieroor.

- **Uitstappies:** Ons wegnaweek is ook die uitstappie van Augustus maand.

## 6. Gedig oor FOTOGRAFIE:

Hier is 'n gedig wat Adriaan van Zyl geskryf het. Hy het dit tydens ons Mei byeenkoms met klublede gedeel toe hy met ons oor wildsfotografie gesels het. Hy het vertel hoe kosbaar o.a. fotografie is en dat dit hom gelukkig maak

**RYKDOM IN GELUK**

Wat is rykdom, wat bring geluk
Word dit werklikwaar deur geld beskik
Sommiges dink dis spoed en krag
Deur eeue heen soek mense mag

Dan gee God die antwoord sag
Mens! Kyk na die natuur se krag
Sien die blommeveld se prag
Hoor die voëltjies soggens lag

Ervaar die vlakte stilte om jou heen
En selfs woestyn met leef geseën

Vriendskap is ’n aardse deug
Dit is ’n kostelose vreug
Liefde bring vir mens geluk
Maar word nooit deur geld beskik

So ware rykdom en geluk
Word werklik nie deur geld gekoop
Sy Kruis en Bloed bring ons die hoop
En word bevestig by die doop
Ons ware ryk is dus verniet
Maar soek dit nie in goud gegiet

## 7. LAASTENS

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!! Neem jou kamera oral saam en neem al die mooi af! Dit sal jou gelukkig maak.*

*Mooi Loop!*

**Quintus Heine**